

Carel & Annetjie

Nuusbrief

Maart 2021



Liewe Familie en Vriende,

Ons het gisteraand terugvoer van pastoor Jonoro via “Messenger” ontvang oor hulle sendingwerk in die suide van Madagaskar. Ons was bly en baie opgewonde oor hoe die werk van die Here daar voortgaan. Niks kan dit keer nie. Ek het dadelik besluit om die goeie nuus met julle te deel. Ons het deesdae almal behoefte aan goeie nuus nie waar nie?

Hy skryf:

Salama tompoko

Hallo

Now am here fort dauphin visiting new church. After the training in Ambatondrazaka (vision casting to sihanaka) abd after morondava training/ follow up

Fort Dauphin is heel aan die suid-ooste van Madagaskar. Ambatondrazaka is 'n kerk (sien foto).

Morondava is aan die weskus van die eiland waar ons vir baie jare opleiding gedoen het. Daar word gereeld opvolg gedoen en hulle reik al uit na die omliggende gebiede.



Morondava training ended



Ambatondrazaka church. Asking training on evangelism and church planting



Pray for mady and aurelie. His assistant pastor had a mean to them. The young pastor left. i pray to help mady again. Pray for wisdom. They are hurted



Meeting leaders with Nathan and Tessa (they are missionaries from USA, working with Jonoro for many years.)




Outreach in dark area. Need prayer. There are zomba and teomba people, even among children

Mady en Aurelie is 'n sending-paar wat in Morondava deur ons opgelei is.



Coffee time before training



Road to fort dauphin. There was bridge broken. Thank god we could pass



People are passing by lakana

Tomorrow i will send more about the visit here fort dauphin

We send apprentices to androy on mission. They are leaders missionaries on training. They did internship with me in morondava. Now they are on their own in androy land

Lakana = malgassiese seilbootjie. Androy = onbereikte stam in die suide.



Is dit nie verblydend om te sien met watter entoesiasme en blydskap hulle die Evangelie uitdra nie?

Ek sien die les was oor die gesindheid van Christus waarmee ons moet uitgaan om die Evangelie te bring. Dan het hy by Gen 12 begin, die opdrag aan Abraham tot by Christus, die opdrag aan die dissipels: Gaan na al die nasies ...

Is dit nie wonderlik nie! Ons is so dankbaar vir alles wat pastoor Jonoro en sy span daar in Madagaskar doen. God is groot en magtig. Al die eer kom aan Hom toe. Baie dankie vir elkeen se finansiële bydrae en gebede. Soos hy aan die einde van sy boodskappies gesê het, dit is moontlik omdat ons hom ondersteun en saamwerk. Hy se altyd baie dankie en bid ook dat die Here ons almal wat deel is van hierdie sending sal seën.

Bid asseblief saam met ons dat die internasionale grense sal oop gaan sodat ons saam met Leon en Carmen Davids (moontlike opvolgers) na Madagaskar kan gaan. Covid is op die oomblik weer erger in Tana en Mahajanga en die lughawens is gesluit. Daar is ook Malaria en Dengy-koors, en saam met die baie reen en silklone kom baie siektes en ellende.

Groete en seënbede.

Carel en Annetjie

Eposadres: lerouxcarel2@gmail.com :- Sel +27(0)76 411 1565 / 7 :- WhatsApp 064 900 1883 of 0646094558